### *Die geskiedenis van die ontdekte skatte*

**5** **Festus** klap sy hande van verbasing en roep Pilah dadelik na hom toe, terwyl hy aan hom sê: "Het jy hieroor niks vertel, omdat jy niks daarvan geweet het nie? - Spreek,- anders sal dit met jou sleg gaan!"

[2] **Pilhah** sê: "Meester! Ek weet niks daarvan nie en in hierdie grot het ek nog nooit sover deurgedring soos nou nie! Die oudstes sal wel daarvan kennis gedra het; maar hulle het niks daaroor gesê nie, sodat hulle hulleself in uiterste noodsaak uit die gevangenis sou kon vrykoop. Neem egter alles; dit behoort goddank van nou af aan u!"

[3] Festus vra ook aan My of Pilah die waarheid gespreek het en **Ek** bevestig wat Pilah gesê het en sê teenoor Festus: "Vriend, iemand wat `n dogter uit `n vername huis tot vrou neem, kan tereg `n bruidskat verwag. Jy het nou baie te doen gehad, en by die verdeling van die ander goedere het jy daarvoor geen aandeel gekry nie,- neem daarom al hierdie skatte as jou regmatige eiendom; dit is volgens aardse skatting duisendmaal duisend pond werd.

[4] Die groot pêrels het die meeste waarde, wat so groot is soos hoendereiers. `n Hele metaalkis, met `n inhoud van ongeveer duisend dragmas is vol van hierdie groot pêrels, wat elkeen `n onskatbare waarde het. Sulke pêrels groei tans nie meer op aarde nie, omdat hierdie skaaldiere net soos baie ander diere uit die oerwêreld, nie meer bestaan nie. Die pêrels is egter nie uit die see uitgehaal nie, maar koning Ninias, ook Ninus (Nimrod) genoem, het hulle op die bodem gevind tydens die uitgrawing van die grond toe hy die stad Ninivé laat bou het. Na baie wedervaringe het hulle gedeeltelik reeds in die tyd van Dawid hier aangekom, maar die grootste deel het eers ten tye van Salomo na Jerusalem gekom. Maar hulle is in hierdie grot gesit toe die Romeine as veroweraars Palestina en byna die helfte van Asië in besit geneem het.

[5] Die hoëpriesters, wat die grot al lankal ken, het, toe hulle berig kry van die inval van die Romeine, dadelik al die grootste en vervoerbare skatte van die tempel versamel en behoue in die grot ingebring. Die goue leeus wat die troon van Salomo gedra het en ten dele die trappe bewaar het, wat ten tye van die verwoesing van Jerusalem deur die Babiloniërs in die puin toegegooi is, maar by die latere weder-oprigting teruggevind is, is deur die priesters ten bate van die tempel in ontvangs geneem. Dit is ook grotendeels hier; want die mense het al die waardevolste wat `n mens in sy haas kon gryp, hierheen gebring tydens die inval van die Romeine, net soos wat daar met die inval van die destydse magtige Babiloniërs ook `n belangrike hoeveelheid tempelskatte na die bekende grot by Gerasim gebring was. Tog vind die Babiloniërs daarna nog genoeg in die tempel om mee saam te neem na Babilon, naamlik die tempeldiens se gewyde houers en skatte. Gee jy nou die mense opdrag om alles uit die grot te haal; later moet ArkiEl die ingang van hierdie grot so versper dat geen mens daarna meer toegang mag kry nie."

[6] Festus beveel nou dadelik die dienaars om al hierdie skatte na buite te bring. Maar toe hy daarmee begin, is hulle nie sterk genoeg om die talle swaar metaalkiste op te tel nie, en hy vra My of Ek hulle nie die nodige krag daarvoor wil gee nie!

[7] Toe roep **Ek** ArkiEl en sê: "Bring jy al die vuil kiste dadelik weg na die groot opslagplek in Kis!" - Oombliklik verdwyn die talle swaar kiste, en ArkiEl was ook op dieselfde oomblik weer aanwesig, sodat niemand kon vasstel op watter oomblik ArkiEl daar was nie.

[8] Daarop sê **Festus**: "Dit is tog ongelooflik! My dienaars sou sekerlik drie dae daarvoor nodig gehad het - terwyl dit in `n onmerkbare oomblik gebeur het, en van die talle kiste is daar ook nie één meer te sien nie! Ek vra dan ook heeltemal nie meer hoe so iets moontlik kan wees nie, want jy het `n goddelike sintuig nodig om sulke verskynsels te verstaan en na waarde te skat!

[9] **Ek** sê: "Ja, ja, jy het gelyk! Dit sou vir die mens ook nie goed wees as hy alles so gou verstaan het wat aan hom as `n verskynsel voorgedoen word nie. Want daar staan geskryf: 'As jy van die boom van kennis sou eet, sal jy ook sterwe!' Daarom is dit beter om elke wonder te neem vir wat dit skyn te wees en daarby lewendig te bedink dat niks by Elohim onmoontlik is nie, as om die ontstaan daarvan te probeer verklaar, waarby `n mens na die verklaring daarvan net so weinig daarvan sal verstaan as daarvoor.

[10] Dit is voldoende dat jy sien dat die aarde daar is om die mense te dra en te voed! Sou jy weet hoe sy gemaak was, dan sou sy haar bekoring vir jou verloor en die wens sou in jou opkom om `n willekeurige ander aarde te ontleed. En as jy daarby dieselfde ontstaans- en bestaansrede sou ontdek en dieselfde ook by `n derde, vierde en vyfde, sou jy heeltemal geen sin meer hê om nog `n sesde en `n sewende te ondersoek nie. So sou jy dan traag, lusteloos, die lewe veragtend en vererg wees, die lewe verwens en die uur vervloek waarop jy vir jouself die kennis ingewin het, - en so `n toestand sou dan die suiwere dood wees vir jou siel!

[11] Omdat alles egter volgens die goddelike orde so ingerig is dat sowel die mens asook elke engelgees slegs geleidelik alles kan aanneem, en dan selfs ook nog maar tot op `n bepaalde graad deur die goddelike natuur in homself en in alle geskape dinge kan ontdek, behou hy die steeds groeiende lewenslus en die liefde tot Elohim en tot die naaste, wat hom die enigste moontlikheid gee om salig te word en te kon geword het. - Verstaan jy hierdie waarheid?"

[12] **Festus** sê: "Ja, Meester en Vriend, ek verstaan dit duidelik! En daarom wil ek U nie meer vra oor die rede van die ontstaan van die skepping in hierdie grot nie."

### *Die ontstaan en die verdwyn van die druipsteengrot*

**6** **Ek** sê: "Dit is ook nie so belangrik nie. Of jy dit weet of ook nie weet nie, dit sal jou lewe nie armer of ryker maak nie. Maar jy mag tog wel weet dat daar geen mensehande by gekom het nie; die natuurlike elemente het dit alles per toeval gevorm. Die berge neem steeds vogtigheid uit die lug op; daarby kom die herhaaldelike reëns, die sneeu en die mis, wat dikwels die boonste toppe van die berge omhul. Die vog wat op die berge neergeslaan het, sypel vir die grootste gedeelte deur die aarde en deur die gesteentes van die berge, en waar dit bo `n inwendige hol ruimte kom, versamel dit self in druppels, wat byna die helfte uit opgeloste kalk bestaan. Die druppels val na benede. Die suiwer water daaruit sypel dan nog dieper na benede, of dit verdamp in so `n ruimte. Maar die slymerige kalkmassa word harder en harder, en deur die reëlmatige toename ontstaan daar uiteindelik allerlei vorms, wat min of meer nou soos die een, dan weer soos die ander aardse maaksel lyk. En so ontstaan die hele skepping in hierdie grot op `n heel natuurlike manier, hoewel daarnaas wel aan te neem is dat die satansdienaars belangrik bygedra het aan die beter vormgewing van allerlei mensagtige vorms, ten einde die swakke mense `n rat voor die oë te draai.

[2] Daarom is dit beter om so `n grot, wat die duistere bygeloof baie versterk, vir alle toekomstige tye ontoeganklik te maak. Dus gaan ons nou na buite sodat ArkiEl sy opdrag betreffende hierdie grot kan uitvoer!"

[3] **Festus** bedank My heel hartlik vir hierdie verklaring en sê: "Vir my is hierdie verklaring des te meer verstaanbaar omdat ek hierdie - weliswaar meer as `n vermoede - al van die Romeinse natuurkundiges gehoor het. Maar ook die toevoeging oor die medewerking van die satan is baie belangrik; want daardie lewensvyand sal sulke sake sekerlik nie onbenut laat nie, aangesien die kwade gevolge van drie wêrelddele gegryp is! Dit is nou vir my alles helder; maar slegs één ding kan ek nie so goed plaas nie - en dit is: hoe kan Elohim gelukkig wees!

[4] Sê my eers, watter genoeë kan Elohim nou beleef in Sy eie onverwoesbare lewe?! Hy weet tog altyd presies wat die werklike rede van alle bestaan is? Kan Hy dan vreugde hê aan die onontkombare steeds maar gelykblywende kennis? Daarby het Hy geen enkele moontlikheid om Homself te verander nie! `n Mens sou tog dan van verveling doodgaan?!"

[5] **Ek** sê: "Kyk na hierdie mense hier! Hulle is Elohim se vreugde as hulle in hul ordening diegene word waarvoor hulle bestem is. In hulle vind Elohim Sy gelyke terug. Hulle voortdurende groei in alle soorte kennis en daardeur in alle liefde, wysheid en skoonheid is Elohim se onverwoesbare vreugde en saligheid! Want alles wat die oneindigheid bevat, is slegs daar maar vir die kleine mens, en daar is in die ewigheid niks wat nie slegs vir die kleine mens is nie. - Nou weet jy dit ook! Maar nou gaan ons uit hierdie grot uit, sodat ArkiEl sy opdrag so gou moontlik kan uitvoer!"

[6] Ons haas ons nou om die grot te verlaat en bereik spoedig die einde daarvan. Toe ons almal buite die grot is, gee Ek aan ArkiEl `n teken en op daardie oomblik klink daar `n hewige knal, en die baie groot ingang word nou `n hoë granietwand, waar geen lewende wese sou deurbreek nie, ook al sou hy hom dit nog ernstig voorgeneem het. Maar om die toegang so te sê heeltemal onmoontlik te maak, word, nadat ons onsself ongeveer drieduisend treë verwyder het van die plek waar die ingang hom bevind het, `n breuk in die grond veroorsaak, sodat die plek van die voormalige ingang op meer as honderd manslengtes afstand verwyder word van die aangrensende grond, wat in die diepte geskuif is. Nou sou mens dus `n meer as honderd manslengtes hoë leer moet hê om via die loodregte wand by die voormalige plek van die ingang te kom - wat dan tog vrugteloos sou wees, aangesien die ingang self `n harde en steile rotswand geword het.

*(word vervolg)*